higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1190**(A)**(J3)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

3 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die … het voor 1652 oor die Kaap regeer.

1.1.2 Die eerste munisipaliteit in Suid-Afrika is in … (plek) gevestig.

1.1.3 Die … is die wet wat voorsiening maak vir die raamwerk vir nuwe plaaslike regerings in Suid-Afrika.

1.1.4 Die eerste stedelike gebied in Suid-Afrika was … .

1.1.5 Die eerste diamant in Suid-Afrika is in … ontdek.

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Plaaslike owerhede is die tweede sfeer van regering.

1.2.2 Goud is eerste in Kimberley ontdek.

1.2.3 Lugbesoedelingbeheer vind plaas by wyse van 'n verordening, wat 'n regulasie van 'n munisipaliteit is.

1.2.4 Wanneer 'n munisipaliteit voor die hof gedaag word, is die uitvoerende burgemeester die eerste persoon wat moet reageer.

1.2.5 Interaksie tussen die gemeenskap en die munisipaliteit kan as 'n sosiale faktor beskou word.

(5 × 2) (10)

1.3 Gee 'n kort beskrywing van die volgende terme:

1.3.1 Vryburgers

1.3.2 Verordeninge

1.3.3 Verstedeliking

1.3.4 Metropool

1.3.5 Ad hoc-komitee

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Voorsitter van die burgemeesterskomitee	A	munisipale bestuurder
1.4.2	Hoof rekenkundige beampte in 'n munisipaliteit	B	raadslid
1.4.3	Die hoof van die provinsie	C	raad
1.4.4	Eerste burger van 'n dorp of stad	D	uitvoerende burgemeester
1.4.5	Indiensnemingsgesag van 'n munnisipaliteit	E	verordeninge
		F	wette
		G	dorpsekretaris
		H	premier
		I	burgemeester
		J	ordinansie

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Mnr. Soga verstaan nie die rol van die hoofsweep in die plaaslike regering nie.

Verduidelik dit aan mnr. Soga deur 'n lys te maak van VYF funksies van die hoofsweep. (5 × 2) (10)

2.2 Sekere kriteria word voorgeskryf in die Grondwet en nasionale wetgewing wat 'n persoon bevoeg maak om 'n raadslid te word.

Gee 'n lys van VYF van hierdie kwalifikasies. (5 × 2) (10)

2.3 Die Wet op Munisipale Stelsels ('Municipal Systems Act') bevat 'n gedragskode vir raadslede.

Verduidelik die gedragskode wat raadslede ten opsigte van die volgende moet volg:

2.3.1 Bywoning van vergaderings

2.3.2 Persoonlike gewin

2.3.3 Ongemagtigde onthulling van inligting

2.3.4 Ingryping in administrasie

2.3.5 Onttrekking aan vergaderings

(5 × 2) (10)

2.4 Gee TIEN redes waarom plaaslike owerhede bestaan. (10)
[40]

VRAAG 3

3.1 Die afbakeningsraad bepaal of wysig die afbakening van munisipale grense.

Wie kan die afbakening van grense aanvra? (4)

3.2 Gee DRIE diskwalifikasies vir 'n persoon om lid van die afbakeningsraad te word. (3 × 2) (6)

3.3 Beskryf kortliks VYF nadele van 'n gekoöpteerde lid van die uitvoerende kollektiewe stelsel (enkel of bestuurskomiteestelsel). (5 × 2) (10)

3.4 Noem en verduidelik kortliks TIEN faktore wat die afbakeningsraad in gedagte moet hou wanneer veskillende munisipale gebiede afgebaken word. (10 × 2) (20)
[40]

VRAAG 4

4.1 Tabuleer VIER verskille tussen die *samegestelde uitvoerende komiteestelsel* en die *burgemeesterskomitee*. (8 × 2) (16)

4.2 Gee VIER funksies van 'n wykskomitee. (4)

4.3 Beskryf VYF magte/funksies van die uitvoerende bestuurder, soos uiteengesit in artikel 56(2) van die Wet op Munisipale Strukture ('Municipal Structures Act') 117 van 1998. (5 × 2) (10)

4.4 Gee TIEN funksies van die premier van die provinsie in die daaglikse werking van munisipaliteite. (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF magte/funksies van plaaslike owerhede soos voorsien deur die Local Government Transition Act. (5 × 2) (10)

5.2 Die gebrek aan dienste en hulpbronne het veroorsaak dat mense na die stede getrek het.

Verduidelik die uitwerking wat verstedeliking op die volgende het:

5.2.1 Landelike gebiede (2 × 2) (4)

5.2.2 Stedelike gebiede (3 × 2) (6)

5.3 Maak 'n lys van die korrekte volgorde van die stappe wat in 'n vergadering gevolg moet word. (6)

5.4 5.4.1 Wie is die huidige minister van samewerkende en plaaslike regering? (2)

5.4.2 Wie is die huidige onderminister van samewerkende en plaaslike regering? (2)

5.5 Hoofstuk 7 van die Grondwet (Wet 108 van 1998) maak voorsiening vir die magte en funksies van munisipaliteite.

Noem VYF doelwitte van 'n munisipaliteit in terme van die Grondwet. (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou